

## Die Europese verkiesings

Die verkiesings wat van 23 tot 26 Mei in Europa plaasgevind het om die Europese Parlement saam te stel, het in 28 lidlande van die Europese Unie plaasgevind. Naas die Europese Parlement is daar ook nog die Europese Raad wat uit die 28 regeringshoofde van dié lande bestaan.

Die Europese Parlement is die wetgewende element van die EU.

Regse vordering het veral in Frankryk, Italië, België en Hongarye 'n merkbare verskil gemaak.

### Frankryk:

Die soeklig het na die verkiesing volledig op die Franse verkiesing geval. Marine le Pen se *Rassemblement National* (National Rally) het daarin geslaag om die Franse president, Emmanuel Macron, te verslaan. Le Pen het die Front National by haar pa oorgeneem, maar die naam verander om van die etiket van verregs ontslae te raak.

Tydens haar veldtog het sy sterk



Marine le Pen

daarop aangedring dat, indien sy Macron verslaan, dié verkiesing ook as 'n referendum beskou sal word en dat Macron dan as president van Frankryk moet bedank.

Le Pen het 23,5% stemme gekry teenoor Macron se 22,5% — 'n skra-

le oorwinning, maar 'n wen is 'n wen.

Le Pen se standpunt is dat sy nie Frankryk uit die Europese Unie wil onttrek nie. Sy is nie ten gunste van Frexit nie, soos die media dit stel, maar sy is ten gunste van 'n Europa van vaderlande. Hierdie standpunt word beskou as verskuilde nasionalisme.

### Italië:

In Italië het Matteo Salvini van die Lega Party die meeste stemme gekry — 33,6%. Die Lega Party regeert tans in Italië in alliansie met die Five Star Movement.

Salvini se sukses in Italië word uit en uit toegeskryf aan sy veldtog teen die onwettige immigrasie in sy land.

Vir die Europese Unie beoog hy om ten minste 12 partye in die Europese Parlement in 'n groepering te laat saamwerk. Hy word beskryf as Euroskepties omdat hy nie daarvoor te vinde is dat die Europese Parlement soveel sê moet hê oor die lidlande nie.

### Vlaams Belang:

In België het Tom van Grieken van Vlaams Belang ook met sukses uit die stryd getree. Met die slagspreuk "Eerst onze mensen" het hy geen geheim daarvan gemaak dat sy politieke stryd in belang van sy eie mense is nie. Met meer as 18% van die stemme is dit nou die tweede grootste party in Vlaandere.

Van Grieken se ideaal is om die noordelike



Tom van Grieken

streek (Vlaandere) af te stig van België.

### Hongarye:

Victor Orban, eerste minister van Hongarye se Fidesz Party het 52% stemme gekry en 13 van die land se 21 setels verower.

Orban se kommentaar was dat hulle klein is, maar Europa gaan verander. Hy neem sterk standpunt in dat 'n nuwe era teen immigrasie begin. Hy stel dit ook duidelik dat die Europese volkere en die Christelike kultuur in Europa beskerm moet word.

Indien Orban wegbreek van die EPP (European People's Party), die grootste groep in die Europese Parlement, en by die beoogde groep van Salvini aansluit, sal dit die samestelling van die Europese Parlement totaal verander.

## HEINRÉ DE BRUIN

Die Moeitedoener



Kontak my vir 'n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen 'n prys wat u sak pas.

082 953 3222 / 053 531 0003

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

## Semantiese bedrog

‘n Boek met bogemoede titel het enkele jare gelede uit die pen van mnr. J (Dolf) Buitendach, verskyn.

Oor baie jare is daar terme ingevoer om ware betekenisse te verander, en om euwels beter te laat klink.

Ons hoor daarom vandag dikwels van sogenaamde “regstellende aksie”, so al asof daar in die verlede iets verkeerd gedoen is wat reggestel moet word. En niemand kan immers gekant wees teen die regstelling van verkeerde sake nie? Die Engelse term “affirmative action” is nie vertaalbaar nie, want dit is niks anders as diskriminasie teen die Witman nie. Niks word reggestel nie.

Die ander term wat Buitendach in sy boek uitwys, is “Swart Ekonomiese Bemagtiging”, oftewel SEB. Hy argumenteer dat dit niks anders is nie as AAS: “Aandele afpersing vir Swartes”. Die SEB beteken in werklikheid die verarming van die Witman.

So is daar nog talle voorbeelde wat aangehaal kan word, en wat dié boek die moeite werd maak om te lees.

Die vernuftigheid van die bewindhebbers om gedurig nuwe terme uit te dink, het skynbaar geen einde nie, en dan word dit sonder nadenke deur baie Blankes en Afrikaners oorgeneem.

Deesdae moet alles “getransformeer” word. Transformasie is niks anders as verandering nie. Maar waarheen alles verander moet word, word nie gedefinieer nie. Gevolglik is daar talle instansies wat politici en politieke korrekte akademici napraat. Daar word egter nie gemeld waarnatoe nie, en hoe lank die proses moet aangaan nie. Dieselfde met “affirmative action”: moet dit aanhou (met respek gesê), tot die wederkoms toe?

Grondhervorming is ‘n ander term. Selfs sekere landboueiers val oor hulle voete om te erken dat grondhervorming noodsaaklik is. Maar ook hulle stel geen raamwerk van waarheen en tot wanneer nie.

In die laaste dae het ‘n “slim” professor van Potchefstroom vorendag gekom met die “wysheid” dat ont-eiening sonder vergoeding ‘n “aksimoron” is, soos sy dit op ‘n radioprogram gestel het. Dit moet wees “onteiening teen ‘n nul-koers”.

Halleluja: die boere kan dus nou uitsien om van “niks” op te gradeer na “nul”, wat die effek dan ook sou wees. Maar weer eens is daar ‘n nuwe term wat geskep word om diefstal van grond te regverdig. Die “nul-koers” is saggter op die oor. Om iemand se eiendom te vat sonder vergoeding, is om dit te steel!

Ons sal in ons daaglike kommunikasie daarop bedag moet raak, en ons eie terme uitdink en gebruik, sodat mense nie verder mislei word nie.



## Kommentaar

### Volkskap en nasionalisme

Die verkiesings in Europa is sopas agter die rug. In ‘n hele aantal lande was daar ‘n duidelike skuif na regs in die politiek. Sekere partyleiers het selfs sterk nasionalistiese standpunte ingeneem.

Die leier van Vlaams Belang se slagspreuk was byvoorbeeld *Eerst onze mensen*. Victor Orban van Hongarye het na sy sukses gesê Europa gaan verander. Marine le Pen het gesê sy is ten gunste van ‘n Europa van vaderlande.

Die begeerte om as eie volk oor hulleself te regeer, het ‘n politieke faktor in die Europese politiek geword.

Wat beteken dit vir die Afrikanervolk in Suid-Afrika?

Die propaganda van die media en verloopte Afrikaners het daarin geslaag om die rasbewustheid by ons mense af te breek. Dan is daar nog diegene wat darem poog om die regte van die minderheid te probeer beskerm. Maar om as volk na vryheid te streef en om in jou vaderland oor jouself te regeer, is saam met die badwater by die agterdeur uitgegooi.

Daar is darem nog diegene wat bereid is om vir die Afrikaanse taal, of die radbraak van ‘n taal wat hulle as Afrikaans aanvaar, te veg. En in die proses sê die grootbaas van onderwys, Lesufi, dat ons tog moet ophou om aan te dring op Afrikaanse skole. Daar is nie meer Afrikaanse universiteite nie, waarom nog sukkel om kinders in Afrikaans te laat skoolgaan? So sal ook die taal stuk vir stuk vernietig word!

Dit is waar onderhandelings en toegewings van verloopte Afrikaners ons gebring het. Ons is by die vraag: wat baat dit nog?

Maar in Europa is daar ‘n ommekeer!

Die Afrikaner moet besef dat volkskap veel dieper as net taal lê. Die Afrikanervolk stam uit die blanke volke van Wes-Europa. Dit is die blanke ras wat die wêreld fisiek ooggemaak het. Die Afrikanervolk se kultuur is ‘n rasgebonde kultuur. Ander volke of rasse kan die Afrikaanse taal aanleer en praat, maar dit maak nie van hulle Afrikaners nie.

Ras en kleur word nie as onderskeiding uitgewis deur deelgenootskap aan taal nie. Daar is nie iets soos ‘n veelrassige volk nie, al sou mense van verskillende rasse een taal praat.

‘n Volk se geskiedenis is by sy identiteitsbewustheid net so belangrik as enige fisieke of geestelike eienskap. Die geskiedenis is ‘n volk se geheue. Dit hou die volk bewus van wat hy is en waar hy vandaan kom. Uit die geskiedenis kom ‘n volk se heldedom. Dié wat buite ‘n bepaalde volk staan, kan nie dieselfde sentimente vir dié volk hê nie.

Volkskap is soos ‘n broederskap: jy behoort daaraan, of jy behoort nie daaraan nie.

Eers wanneer ons, die Afrikaners, weer bereid is om volk te wees, om Witman en Afrikaner te wees, dan sal ons soos die baie Europeërs verlede week, weer opstaan om as volk ons vryheid te herstel in ons vaderland.





## Die AB en die tirannie van die meerderheid

Verstommend genoeg lees ons in Rapport van 19 Mei 2019 dat die Afrikanerbond (AB) nou 'n hartstogtelike pleidooi aan Cyril Ramaphosa gerig het om 'n permanente ministerie vir Suid-Afrikaanse minderheidsgemeenskappe in te stel. Daar moet dan sommer ook 'n ombudsman vir minderheidsregte aangestel word.

'n Beter getuienis van die bankrotskap van die verligte "Afrikaners" se politieke strewes, sedert hul hervorming aangepak het, kan nouliks bedink word. Was dit dan nie die AB wat in 1986 in sy geheime omsendskrywe aan al hul afdelings die lede voorberei het op swart meerderheidsregering en "saambestaan" nie? Was dit dan nie die AB wat FW de Klerk toegejuig het toe hy blanke regering nek-om gedraai en apartheid afgeskaf het nie? Was dit nie hierdie manne wat geblaak het in die euforie van die sogenaamde "wonderwerk" van 1994 nie?

Nou staan hulle bakhand en bedel vir 'n staatsdepartementjie wat moet omsien na "minderheidsregte". Ons het dan gehoor dit is wonderlik verskans in die pragtige grondwet, met al die wigte en teenwigte daarin. Die fynskrif sou minderhede glo mooi beskerm het. Nou vra die AB vir 'n ombudsman. En wat meer is, hierdie versoek is al enkele jare gelede gerig aan die regering (sê die AB) en daar het niks van gekom nie. Nou probeer hulle weer.

'n Mens wonder wie sou hulle dan graag wou sien as die minister van minderheidsregte? Hulle dink tog seker nie dat dr Fritz Eloff van die FW de Klerk-Stigting aangestel sal word nie; of iemand uit Solidariteit, die FAK, Afriforum of uit Orania nie? Wat sal die AB doen as Ace Magashule dié pos kry, of Supra Mahumaphelo, of dalk Panyaza Lesufi? En wie gaan die ombudsman wees? Nog 'n soustrein gaan die AB nêrens bring nadat hulle die Blankes en die Afrikanervolk se historiese reg op hul land verkoop het nie.

Aan wie word hierdie pleidooi nou gerig? Aan 'n regering wat klaarblyklik nie glo in minderheidsregte nie, wat nie eens erken dat daar iets soos plaasmoorde in Suid-Afrika voorkom nie, aan leiers wat beweer dat Witmense al die grond van Swartes gesteel het. Hoe gaan hulle nog 'n stryd aanknoop vir minderheidsregte; want die AB reken darem seker dat die Afrikaners sulke regte het?

Die boek wat nou geskryf moet word, sal die volgende titel dra: Die mislukking van die Verligtes se liberale politiek – van 1966 tot 1996. Hierdie rubriekskrywer werk reeds daaraan, en ek nooi die AB uit om 'n hoofstuk daarin te skryf waarin hul skuld bely vir die gemors wat hulle van die Afrikaners se kosbare erfenis gemaak het.

Nog 'n hoofstuk sal moet handel oor die tirannie van meerderheidsregering. Waar die AB in 1986 die weg gebaan het vir een mens, een stem, moes hulle beseft het dat 'n swart meerderheidsregering geen demokrasie sal wees nie. Allermens 'n demokrasie waarin minderheidsregte verskans kon word. Het hulle dan nie die aanskouingslesse van Afrika se "demokratiese rewolusies" geleer nie? Natuurlik het hulle hul oë daarvoor gesluit, en blindelings aangestruikel om die liberale wêreld tevrede te stel. Waar is die oproepe om versoening tussen swart en wit nou? En waar is die verskansing van groepsregte nou?

Dit is jammer dat die AB homself as eerbare kampvegter van Afrikanerbelange gaandeweg in die hande gestel het van politieke knoeiers en die apostels van verligtheid. Steeds bly die organisasie nog die skyn wek dat hy vir "minderheidsbelange" stry, maar hy durf nie eens die woorde Afrikanerbelange of Afrikanervolk gebruik nie, nadat hy van daardie beginselgrondslag weggevlug het. Die geskiedenis sal oor dié organisasie se pragmatisme hard oordeel.

Kenner is van mening dat nuwe vorme van outokrasie oor die afgelope dekades in die wêreld aan die toeneem is. Volgens die teoloog, Chris Jones, beleef die wêreld tans 'n golf van demokratiese agteruitgang, en dit gebeur binne die raamwerk van grondwetlike demokrasie, of skyndemokrasie. Hy skryf: "Hierdie wegbeweeg van demokrasie na outokrasie is soms versteek omdat so 'n skuif nie noodwendig oornag plaasvind, soos byvoorbeeld met 'n staatsgreep nie. Deesdae gly lande geleidelik in hierdie rigting – dikwels op 'n wyse wat demokraties voorkom." (*Rapport*, 19 Mei 2019)

Dit vertel die hele verhaal van die afgelope verkiesing; en van wat in Suid-Afrika gebeur. Waarom sou die AB reken is die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party tevrede om onder die vaandel van die ANC te vaar? Hulle doen dit omdat hul poging om ware demokrasie te vernietig, heeltemal vlot verloop. Hulle het nie nodig om van buite die regeringsparty te beding om die mag nie; hulle is verseker van sleutelaanstellings in die kabinet, van binne die geledere van die ANC. Deur sulke poste te bekom, kan hulle onderwysbeleid maak, kan hulle hul greep op die rykdom van die land verstewig, kan hulle die blanke boere se grond bekom, kan hulle universiteite oorneem en die bewind stuur in die rigting van verbloemde, outokratiese sosialisme.

Dat die AB nog steeds sy oë sluit vir die harde werklikheid in ons land, is regtig jammer. ■



20 Mei, 26 Mei en 31 Mei

## Drie datums in Mei-maand in ons geskiedenis

Die einde van Mei het 'n bepaalde betekenis in die Afrikanervolk se geskiedenis.

- Op 26 Mei 1948 het die HNP (Herenigde Nasionale Party) van dr DF Malan die VP van genl Jan Smuts verslaan.
- 31 Mei beklee 'n baie besondere ereplek in die Afrikanergeskiedenis. Dié datum was in 1910 Uniewording, maar op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n onafhanklike Afrikanerrepubliek geword.
- Op 20 Mei 1983 ontplof die terroriste-bom in Kerkstraat, Pretoria.

### **26 Mei 1948:**

26 Mei 1948 is vandag nie meer algemeen bekend nie. Dit was stembag in 1948 toe die Herenigde Nasionale Party (HNP) die regerende Verenigde Party (VP) verslaan het. Afrikanernasionalisme het daardie dag by die stembus geseëvier en dit het geleid tot Republiekwording op 31 Mei 1961 toe die Afrikaner sy vryheid in sy vaderland gekry het.

Wat was die redes dat dr Malan se HNP die sterk VP van genl Smuts verslaan het?

Na die verkiesing in 1943 het genl Smuts 'n groter meerderheid gehad as wat enige politieke leier in Suid-Afrika voor hom gehad het. Twee redes het 'n belangrike rol in sy val in die volgende vyf jaar gespeel.

Die een was die ekonomiese toestand wat na die Tweede Wêreld-oorlog (1939 tot 1945) ingetree het, en die tweede was die verslegtende rassetoestand in die land. Die VP het die klem laat val op die Nieblankes se belange ten koste van die blanke belange.

Dr Malan en adv Strijdom se

sterk leierseienskappe het natuurlik ook 'n groot rol gespeel. Strijdom het die republikeinse strewe met ywer en oortuiging uitgedra. Dit het die Afrikanerdom moed gegee en geïnspireer.

Ernstige arbeidsonrus het veral in die goudmyne uitgebreek. 'n Groepie Afrikaners onder leiding van dr Albert Hertzog het die stryd in belang van die Afrikanerwerker aangeknoop. Die Nasionale Raad van Trustees is gestig. Die stryd in belang van die Afrikaner in die goudmyne was suksesvol en het die Afrikanerstem na die HNP geswaai.

Smuts het met die Indiër-wetgewing in 1946 getoon dat hy onherroeplik die pad na politieke integrasie gekies het. Die rasse-kwessie het alle ander politieke sake oorheers en dit het in die verkiesing die beslissende rol gespeel.

Die HNP se kookus het in 1945 'n komitee aangewys om 'n deurtastende ondersoek na die kleurvraagstuk te doen. In dié verslag, die Kleurvraagstuk-kommissie se verslag, het die woord apartheid sy oorsprong gehad. Dié geformuleerde beleidstuk was bestem om die politiek van die na-oorlogsjare te oorheers. Die woord apartheid het in die Afrikanerpolitiek uitdrukking gegee aan die wil van die Afrikaner om as 'n blanke volk te bly voortbestaan. Saam met die republikeinse strewe (om as volk in sy vaderland onafhanklik in vryheid oor homself te regeer) het dit die Afrikaanssprekendes as 'n politieke eenheid saamgesnoer.

Die basis van die HNP se beleid ten opsigte van die drie volksgroepe was skeiding op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied. Die beleidskeuse was duidelik: apartheid waardeur elke ras se karakter en toekoms

binne sy eie gebied beskerm en veilig gemaak word en waardeur aan elke ras in sy eie tuiste volle geleentheid om te ontwikkel, gegun word, en daarteenoor die pad van gelykstelling wat sal uitloop op gelyke politieke, ekonomiese en maatskaplike regte. Laasgenoemde, het die HNP gesê, sal vir die Blankes nasionale selfmoord beteken en vir die Nieblankes vernietiging van hulle eie identiteit.

Stembag was op 26 Mei 1948 — 71 jaar gelede. Die HNP het 'n verkiesingsooreenkoms met die Afrikanerparty van mnr NC (Klasie) Havenga aangegaan. Teen alle verwagting het dr Malan se HNP die verkiesing gewen met 70 setels, mnr Havenga se AP 9 setels (saam 79 setels) teenoor genl Smuts se VP se 65 setels. Genl Smuts self is in Standerton verslaan.

Uit hierdie oorwinning kon Afrikanernasionalisme net groei. Dit het Suid-Afrika tot ongekende politieke, ekonomiese en maatskaplike hoogtes gevoer.

### **31 Mei 1961:**

31 Mei 1961 is natuurlik vir elke Afrikaner alom bekend. Dit was die dag toe Suid-Afrika soewerein onafhanklik geword het as die Republiek van Suid-Afrika.

Die republikeinse strewe het na 1948 menige Afrikaner besiel. Die HNP het in 1951 sy naam verander na Nasionale Party (NP). Adv Strijdom het dr Malan as Eerste Minister opgevolg en die nasionalisme en vryheidstrewe het nog sterker gegroei.

Strijdom was by uitstek die draer van die republikeinse gedagte in die Suid-Afrikaanse politiek.

*(Vervolg op bladsy 7)*




# So is ons verraai (1)

Ons begin vandag met 'n reeks aflewings oor die Boere-Afrikanervolk se stryd teen vreemde oorheersing die afgelope 120 jaar. Dit is uittreksels uit die Memorandum aan die internasionale gemeenskap wat wyle mnr. Paul Kruger in opdrag van die Boere-Afrikanervolksraad geskryf het.\* Dié geskiedenis is so te sê onbekend, en die onkunde word deur ons vyande benut om die Afrika-nervolk voortdurend in die beskuldigdebank te plaas met hulle weergawe daarvan. Sonder die regte kennis is ons weerloos teen hulle propaganda.

\* Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.*

**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214. (die boek is tans net in Engels beskikbaar. 'n Afrikaanse weergawe sal binnekort verskyn).



## Die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog), 1899-1902

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog (of Anglo-Boereoorlog) het Brittanje ongeveer 465 000, meestal beroep-soldate, met die beste logistieke steun en wapentuig wat die Britse Leër kon monster, in die stryd gewerp. Hulle het verder 'n groot aantal Suid-Afrikaanse Indiërs in nie-vegtende rolle ingetrek en uiteindelik ook 'n geraamde 30 000 Swartes teen die Boere onder die wapen geplaas. Dit is gedoen in weerwil van die feit dat die Swartes nooit eens 'n party tot die vyandelikhede was nie (Bergh: 253; Pakenham: 569). Dit was 'n lae en gemene daad wat rasseverhoudings in Suidelike Afrika in die opvolgende dekades ernstig sou versuur.

Om die oormag van ongeveer 'n halfmiljoen soldate teen te staan, kon die Boererepublieke ongeveer 40 000 burgers in die veld stoot. Hulle was bygestaan deur sowat 13 300 rebelle uit die Kaap en 2 100 buitelandse vrywilligers — almal in verskillende stadiums van die oorlog. Hierdie mag was oor die algemeen nie vir oorlogvoering opgelei nie. Boere tussen die ouderdomme 16 en 60 jaar is vir krygsdiens opgeroep, maar seuns so jonk as 12 jaar en ou manne diep in hulle sewentigs het ook ter wille van hulle kosbare onafhanklikheid gaan veg (Pakenham: 108; 595).

Na aanvanklike briljante oorwinnings is die Boere-magte uiteindelik eenvoudig deur die oorweldigende meerderheid oorrompel. Duisende van hulle is gevange geneem terwyl ander oorgegee of hulle eie magte verraai het. Teen Mei 1902 het Transvaal nog 10 816 burgers in die veld gehad (waarvan 3 296 sonder perde was) en die Vrystaat 'n skamele 6 100 — 'n totale gevegsmag dus van minder as 14 000 berede burgers (Kestell & Van Velden: 59). Hierdie klompie Bittereinders het in die veld gebly en het gedurende die guerrillafase van die stryd

telkens taktiese oorwinnings oor hulle magtige vyand behaal. Hulle het tot die guerrillastrategie oorgegaan nadat die stede en dorpe deur die vyand ingeneem is. Die Britte het teruggekap deur die Republieke tydens die laaste twee jaar van die oorlog in 'n woesteny te omskep: ooste is op die lande vernietig; veetroppe is weggedryf of met bajonette doodgesteek, geskiet of verbrand; en feitlik al die Boerewoonhuise is aan die brand gesteek en met inhoud en al vernietig. Te midde van dié omstandighede moes die burgers oorleef op wat die veld kon bied; en toe die voorsiening van wapens in-eengestort het, het hulle die geveg met wapentuig wat hulle van die vyand gebuit het, voortgesit (Van Schoor: 11-76; Van der Walt et.al.: 428-431).

## Gruweldade van Swartes gedurende die Anglo-Boereoorlog


Alhoewel die Boere hul swart arbeiders in nie-vegtende rolle aangewend het, het 'n baie groot deel van die nie-blanke bevolking die moeilike toestand waarin die Boere verkeer het, uitgebuit. Dit geld ook vir die Kleurlinge van die Noord-Kaap (Maritz: 41, 56-58). Reg aan die begin van die oorlog het die Mmanaana-Kgatla-stam, wat deur die Britte bewapen was, Boerevroue en -kinderen in die Marico-distrik vermoor en ander ontvoer. Swartes in Britse diens het saam met Haar Majesteit se troepe Boerevrouens en -dogters verkrag. Namate die oorlog aangesleur het, het daar uiteindelik twee maal soveel gewapende Swartes aktief teen die Boere geveg as die totale aantal Bittereinders in die veld. Kort voor die vredesluiting het 'n horde Zoeloes by Holkrans in Natal 'n Boerekommando oorval, vermink en uitgemoor (Bergh et. al.: 254). Hierdie verfoeilike daad is nie deur mense wat vir die vryheid van hul volk en vaderland geveg

(*Vervolg op bladsy 8*)

# Woord en wêreld

## Pinkster: die fees van die oes.

deur Dr Müller Pretorius



In die vorige artikel het ons afgesluit met die feit dat ons as Christene saam met Christus opgestaan het uit die graf m.a.w. uit die sondedood en dat ons nou saam met Hom lewe as lewende soldate in Christus se leër teen die magte van Satan. Die vraag is egter hoe ons in staat gestel word om hierdie stryd te voer, want die duiwel en sy trawante is 'n magtige vyand en moet nie met kaal hande aangepak word nie. Christus het sy dissipels al verseker dat Hy hulle nie onbeskermd as wese sal agter laat nie, maar dat Hy aan hulle die Heilige Gees sal stuur om hulle by te staan.

In Ef. 6:17 en 18 lees ons die volgende baie insiggewende verse oor die werk van die Heilige Gees: "Dra ook die helm van verlossing en die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Telkens wanneer julle bid en smeek, moet julle by elke geleentheid deur die Gees bid. Daarom moet julle waaksaam wees deur volhardend te pleit vir al die heiliges." Hierdie 2 verse kom voor in die 11 verse van Ef.6:10 tot 20 waarin Paulus die gemeente oproep om die stryd teen die magte van die bose te stry deur die volle wapenrusting van God op te neem en om hul sterkte in die Here te vind. Een van die belangrikste werke of aktiwiteite van die Heilige Gees is dus om besig te wees met die uitdra en bevestiging van die volk van God in hierdie wêreld. Ons kan dus ook sê dat die Heilige Gees veral te doen het met die daarstel en die onderhou van die ampte van profete en apostels, ouderlinge en diakens wat werksaam is in die voortgang van die Kerk van Christus in hierdie wêreld. En omdat die Satan steeds in vyandskap leef teen God en sy volk, het die lede van die Kerk steeds die swaard van die Gees nodig om hulle en die Kerk te beskerm teen die onophoudelike aanvalle van die magte van die bose.

Ons lees ook in Hand. 20:28 dat die Heilige Gees die ouderlinge van Efese as opsieners aangestel het, sodat hulle die gemeente van God herderlik kan versorg. Dit is dus duidelik dat die Gees van God intens betrokke is by die ampsdraers wie se spesifieke werk dit is om die Kerk van Christus uit

te brei en in stand te hou. Toe Jesus nog saam met sy dissipels op aarde was, het Hy hulle beloof dat Hy sy Gees sal stuur om vir ewig by hulle te wees om hulle nie net te vertrou nie, maar ook die swaarkry te verduur en in die stryd te volhard tot die einde toe (vergelyk veral Joh. 14 tot 17). Sy krag sal in die gelowige volgelinge van Jesus deur die werk van die Heilige Gees werksaam wees. Ja, Christus se krag sal ons in staat stel om die swaard van die Gees (dit is die Woord van God) te ken en te gebruik om ons geloof te versterk en staande te hou — selfs in die swaarste beproewing en marteling wat ons mag ervaar.

Die Heilige Gees is uitgestort op die dag waarop die Israeliete die fees van die volle oes gevier het — vyftig dae nadat hulle die fees van die eerstelinge gevier het met die begin van die oes-seisoen. M.a.w. die Here word gedank dat daar 'n oes is met die fees van die eerstelinge en dan, as die volle oes ingesamel is, word die Pinksterfees gevier. Ons kan dus sê dat die Heilige Gees die werkers help om die saad van die Woord te saai en dan skenk Hy hulle die volle seën van die oorwinning van die insameling van hulle wat glo in die Naam van die Seun van God om sy volk te wees. Op Goeie Vrydag [vanjaar op 19 April 2019] het ons dit gevier dat ons Paaslam, Jesus Christus, geslag is om versoening vir ons sondes te doen. Op Paassondag [vanjaar 21 April 2019] het ons gevier dat Jesus opgestaan het uit die graf om ons te verseker dat Hy dood en hel oorwin het en dat God so aan ons die ewige lewe geskenk het. Veertig dae daarna vier ons hemelvaart [op 30 Mei 2019] en tien dae daarna gaan ons Pinksterfees vier [op 9 Junie 2019]. Dit kom ooreen met die Ou Testamentiese volle oesfees wat vyftig dae na die pasga of Paasfees gevier is. Die uitstorting van die Heilige Gees herinner ons dan daaraan dat ons in die tyd leef waarin ons moet getuig van die verlossing wat God bewerk het deur sy Seun aan die kruis te laat sterf om ons skuld en sonde weg te neem sodat ons vir ewig sy kinders kan wees en na sy wederkoms vir ewig saam met Hom te leef in heerlijkheid in die nuwe hemel en aarde [Openb. 21:7].



# Mei-maand

(Van bladsy 4)

Op 24 Augustus 1958 is adv Strijdom oorlede. Hy is deur dr HF Verwoerd as Eerste Minister opgevolg. Op 3 Augustus 1960 het Verwoerd aangekondig dat 'n volkstemming (referendum) oor 'n republiek vir Suid-Afrika op 5 Oktober 1960 gaan plaasvind. Baie getroue ondersteuners van die NP het dit as baie gewaagd beskou. Was Verwoerd en die NP sterk genoeg om so 'n referendum te wen? Was die kiesers gereed om die bande met die Britte te breek?

Die uitslag was 'n oorwinning vir die republikeine: 850 458 stemme vir 'n republiek en 775 878 teen republiekwording. 'n Meerderheid van 74 580 stemme en 'n stempersentasie van 90,73%.

Die Republiek van Suid-Afrika het op 31 Mei 1961 tot stand gekom, onafhanklik van die Britse Ryk. Daarna het Suid-Afrika uit die Britse Statebond getree. Onder dr Verwoerd se leiding het Suid-Afrika groot hoogtes bereik. Daar was vrede, gesonde rasseverhoudinge en werkloosheid het bykans nie bestaan nie.

Republiekwording is elke jaar op 31 Mei herdenk.

## 20 Mei 1983:

Op 20 Mei 1983 het terroriste toegeslaan met die Kerkstraatbom in Pretoria. Tydens dié bomaanval is 19 mense dood en 217 beseer.

Die aanval is deur die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK), uitgevoer. Die kommunist, Nelson Mandela, was die mede-stigter van die MK. Na die aanval is wyd gesê dat Mandela persoonlik dié aanval goedgekeur het. Die Herald Sun het byvoorbeeld op 8 Desember 2013 oor Mandela se betrokkenheid geskryf: "...and behind bars sanctioned more, including the 1983 Church Street bomb".

'n Motorbom met 40 kg plofstof is voor die Nedbankgebou in Kerkstraat geplaas om teen 16:30 die Vrydagmiddag te ontplof. Dit was die tyd wanneer meeste staatsamptenare huis toe gegaan het. Die kantore was deur die Suid-Afrikaanse Lugmag gehuur. Aan die oorkant van die straat was die Poytonsgebou wat deur die Gevangenisdiens gebruik was.

Hierdie was maar een van vele kommunistiese en terroriste-aanvalle teen die Blankes van Suid-Afrika om die suksesvolle blanke regering tot oorgawe aan die kommuniste te dwing.

## Ander belangrike datums in Mei:

- 31 Mei 1902: Die Vrede van Vereniging, einde van die Tweede Engelse Oorlog. Britse heerskappy kom oor geheel Suid-Afrika.
- 31 Mei 1910: Die Unie van Suid-Afrika gestig.
- 31 Mei 1928: Suid-Afrika kry sy eie vlag, die Unievlag, later die Republiekvlag: die Oranje-blanje-blou. Die Stem van Suid-Afrika word die eerste keer in die openbaar gesing.



Nommer 6

## Die Difaqane (1)

Suid-Afrika het nie slegs blanke land geword deur die optrede en proklamasies van ons Afrikanervoorsate nie. Gebeurtenisse in die binneland, nog voor die aankoms van die Voortrekkers, het seker die belangrikste rede verskaf waarom die land regmatig aan ons behoort en aan niemand anders nie.

Dit het veroorsaak dat die Voortrekkers in 'n onbesette land ingetrek het en hulle regmatig die grond beset het wat aan niemand anders behoort het nie. Die gebeurtenis wat hiervoor verantwoordelik was, was die difaqane. Die difaqane, wat rofweg van 1815 tot 1830 geduur het, was 'n tydperk van uitwissingoorloë, uitdelging, ontstaan van chaotiese toestande in die binneland, plundering, menseslagting en mensvretery ongekend in die geskiedenis van die wêreld.

Dit was in dié oop gebiede tussen die Oranjerivier en die Limpopo waar die Voortrekkers ingetrek het.

Die suidelike Bantoe het vanaf die mere-gebied van Midde-Afrika suidwaarts beweeg langs die ooskus af. Die Nguni het as sterkste groep die beste dele van die land, die oostelike kusgebiede, beset. Hulle was die Xhosas, die Zoeloes en die Swazi's. Die Sotho's, Vendas en Tsonga Shangaan het weswaarts die binneland in te beweeg.

Die Zoeloes het onder leiding van Tsjaka 'n magtige Zoeloeryk gevorm en ook aangrensende gebiede verower wat die difaqane aan die gang gesit het.

Tsjaka se veldtogte het die Nguni's in alle rigtings laat uiteenspat. Die Ngwanes het onder Sobhuza noordoos gevlug om die Swazi-volk te vestig. Die Ngoni het in twee groepe so ver as Tanzanië gevlug. Die Shoshangane het na Oos-Transvaal en Mosambiek padgegee waar hulle met die Tsongas vermeng het. Die Kololo's het onder Sebetwane na die Zambesi-gebied uitgewyk.

Al hierdie groepe het geroof, geplunder en gemoor so ver as wat hulle getrek het, en 'n toestand van onrus in die binneland veroorsaak. Die inwonertal van Natal het van 100 000 tot 10 000 gekrimp.

# Verraai

Van bladsy 5

het, verrig nie — dit kon ook nooit gewees het nie, want die Swartes was nie eens 'n party tot die oorlog nie. Dit was niks anders nie as moorddadige en barbaarse dae wat onder die heersende omstandighede net Britse kolonialisme bevorder het. Hierdie soort optrede van die meerderheid Nieblankes het groot bitterheid by die Boere teen hulle tot gevolg gehad. Dit het 'n bespotting gemaak van die Suid-Afrikaanse Swartes se latere geskreue teen “Wit kolonialisme”.

## Oorgawe na die Volksmoord

Dit was egter die volksmoord wat die Britte teen burgerlikes gepleeg het, wat die Bittereinders uiteindelik tot oorgawe gedwing het. Met die Britse vernietiging van alle plase en eiendom gedurende die verskroeiende aarde-fase is vroue, kinders en bejaardes in konsentrasiekampe saamgehoek. Hier was geen sprake van voldoende eetbare voedsel en skoon water nie; prakties geen sanitêre geriewe en geen behuising nie. 'n Britse parlamentslid en latere eerste minister, Campbell-Bannerman, het hierdie maatreëls as barbaarse metodes (“methods of barbarism”) bestempel (Pakenham: 529-531). *Word vervolg*

## Brexitparty wen in Brittanje

Die Brexitparty van Nigel Farage het in die verkiesing in Brittanje vir die Europese Parlement gewen. Hy het 31,6% van die stemme gekry.

Die Brexit-katastrofe was die oorheersende faktor in die Britse verkiesing. Farage se nuutgestigte Brexitparty (20 Januarie 2019) is maar vier maande oud. Met sy oorwinning is dit duidelik dat die Britte net oor een saak, uittrede uit die EU, gestem het.

Theresa May se swak hantering van uittrede uit die EU het al die voordeel vir die Brexitparty geskep. Politieke waarnemers vertolk ook dié verkiesing as 'n protesstem teen die gevestigde politieke partye in Brittanje, veral die Konserwatiewes en die Arbeiders.

May het reeds voor die verkiesing haar uittrede as eerste minister van Brittanje aangekondig.

## Merkel se paniek

Die Duitse Kanselier, Angela Merkel, het haar bekommernis uitgespreek oor die politieke verskuiwing na regs in Europa. Sy het tydens 'n onderhoud verwys na die opkoms van nasionalisme en anti-semitisme regoor die kontinent. Haar kommentaar is gevra oor die opkoms van “donker magte” soos nasionalisme.

RIETBOKSTRAAT 2  
POSBUS 298  
THABAZIMBI  
0380

TEL: (014) 777 1618/87  
FAKS: (014) 777 1618  
FAKS NA E-POS: 086 614 1129  
E-POS: spien@iantic.net

**S.J. PIENAAR**  
PROKUREUR  
ATTORNEY

2 RIETBOK STREET  
P.O. BOX 298  
THABAZIMBI  
0380

TEL: (014) 777 1618/87  
FAX: (014) 777 1618  
FAX TO E-MAIL: 086 614 1129  
E-MAIL: spien@iantic.net

**SCHALK JACOB PIENAAR**  
B.PROC (U.P)

LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY  
AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER

WEBBLAD: [www.sjpienaar.net](http://www.sjpienaar.net)

PROKUREUR AKTEVERVAARDIGER BOEDELBEREDDERAAR TAKSATEUR ARBEIDSKONSULTANT  
ATTORNEY CONVEYANCER ADMINISTRATOR OF ESTATES APPRAISER LABOUR CONSULTANT

## Werda Gastehuis

- \* Akkommodasie in Upington.
- \* Gratis parkering op perseel.
- \* Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- \* Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- \* Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934  
[admin@werdakamers.co.za](mailto:admin@werdakamers.co.za)



## Konsentrasiekampdag

*Vitnodiging*

*Saterdag,*

*15 Junie 2019 om 09:00*

*Irene Konsentrasiekamp-kerkhof  
Pretoria*